

**Universiteit Stellenbosch-inligtingsessie vir voornemende studente en hul ouers**  
**Coetzenburg, 18:45, 12 Augustus 2015**  
**Prof Wim de Villiers Rektor en Visekanselier, US**  
**“Top-universiteit vir top-studente”**

Naand, almal. Dit is ’n voorreg om hier saam met julle te wees.

Ons leef in ’n opwindende era – die wêreld verander vinnig, en dit is dus belangrik om goeie onderrig te ontvang. Deur universiteit toe te gaan en ’n dokter, ingenieur of entrepreneur te word – en daar is selfs loopbane waarvan ons nog nie die name ken nie – sal jy ’n belangrike bydrae tot die samelewing lewer. Maar jy maak ook ’n belegging in jou eie toekoms. Navorsing toon mense met ’n meesters- of doktorsgraad sal in hul leeftyd tot vier en ’n half keer soveel verdien as mense wat net matriek het.

Dit maak dit die moeite werd om te kom studeer, en aan te hou studeer. Julle het bewys julle kan suksesvol wees. Ek wil jou aanmoedig om sommer nou al te besluit dat die graad wat jy oor drie of vier jaar gaan verwerf net jou eerste graad gaan wees! Ek weet dit is moeilik om te besluit waar om te gaan studeer. Daarom wil ek julle ’n bietjie meer oor die Universiteit Stellenbosch vertel.

Ek praat ook graag met die ouers hier. Ek weet u kind se toekoms is vir u belangrik. Ek is self ’n ouer van drie kinders, en mens wonder altyd, gaan my kind inpas en aanpas? Gaan my kind by hierdie plek die regte kwalifikasie kan verwerf? Ons hoop om vanaand al u vrae te beantwoord. Kom gesels gerus ná die tyd ook met ons fakulteite en ander afdelings.

My tema is eenvoudig: ’n **“top-universiteit vir top-studente”**. Stellenbosch is ’n uitstekende keuse, hoofsaaklik om twee redes: Hier sal jy top-onderrig vir ’n suksesvolle toekomstige loopbaan ontvang, en jy sal ’n afgeronde studente-ervaring kry terwyl jy hierdie baie opwindende fase van jul lewensreis onderneem.

Ek was ook ’n student hier. En danksy die grondslag wat ek hier gekry het, kon ek Oxford toe gaan vir my PhD, en ook na Amerika, waar ek vir 18 jaar as ’n dokter/wetenskaplike gewerk het. Nou is ek terug, en ek moet sê, ek is baie opgewonde om te sien dat Stellenbosch onder die beste ter wêreld is.

Maties verskyn op verskeie ranglyste van die top-universiteite ter wêreld (Times Higher Education 276/401; QS 390/800; Shanghai 401–500/500; CWTS Leiden 481/750). Wêreldwyd is daar meer as 17 000 universiteite, en ons tel onder die top-2%. Werkgewers weet hulle kan staatmaak op ons kwalifikasies. Deur Stellenbosch toe te kom, kry jy ’n kwalifikasie wat wêreldwyd erken en gerespekteer word.

Daar is wel kommerwekkende statistieke in Suid-Afrika. Op nasionale vlak vorder gemiddeld slegs 50% van nuwe studente tot by hul tweede jaar, maar ons eerstejaarretensiekoers by die US is deurlopend 86% en hoër. Hoe kry ons dit reg? Twee dinge: deur op uitnemendheid te fokus, en deur goeie ondersteuning te bied.

Kom ons praat eerstens oor uitnemendheid. Ons werf die beste studente – dit is hoekom julle vanaand hier is. Ons bied ook die beste onderrig deur die beste dosente – julle gaan vanaand die geleentheid kry om ’n paar van hulle te ontmoet.

Ek het vroeër van wêreldranglyste gepraat. Die Departement Hoër Onderwys en Opleiding beoordeel jaarliks Suid-Afrikaanse universiteite op grond van hul geweegde per capita-navorsingsuitset en kennisproduksie, en sedert 2008 is Stellenbosch nommer 1. Hoekom moet julle omgee oor navorsingsuitset? Omdat die dosent by wie jy gaan klas kry 'n kenner op hoogte van die nuutste ontwikkelings is.

Dit is hoekom jy Stellenbosch toe moet kom – want dit is 'n top-universiteit, nie net vir top-studente nie maar ook vir top-dosente.

Kom ons kyk egter nou bietjie na wat dit beteken om 'n 'top-student' te wees. Julle doen almal goed op skool, reg? Maar dit beteken nie universiteit gaan maklik wees nie. Jy gaan baie hard moet werk ... en anders werk. Hier toets ons nie net jou kennis nie. Ons stimuleer jou ook om te dink – vir jouself te dink, krities te dink, ondersoekend te dink, skeppende oplossings uit te dink.

Want ons het hierdie oplossings nodig vir die komplekse probleme van die samelewing, die sogenaamde 'wicked problems' of verwikkelde, ineengestremgelde probleme met klomp oorsake – soos armoede, werkloosheid en ongelykheid. Om die vermoë te ontwikkel om sulke komplekse probleme aan te pak, is wat jou gaan help sukses behaal in die lewe – nie net om die periodieke tabel te ken nie, maar ook om 'n kernoorlog te help voorkom; nie net om plantbiologie en grondsamesstelling te ken nie, maar ook om hongersnood te help verhoed; nie net om die reg te ken nie, maar ook om geregtigheid te laat geskied.

Dis groot doelwitte hierdie, dis groot kwessies, maar elkeen van julle het groot potensiaal, en dis ons missie om jou te help om jou volle potensiaal te verwesenlik. Jy sal vind ons bied goeie ondersteuning aan ons studente. Dit is die tweede rede vir ons goeie resultate. Buiten dat ons uitstekende studente en personeel werf, bied ons ook goeie ondersteuning.

Sommer vroeg in die jaar skryf jy al jou eerste toetse, sodat ons betyds kan bepaal waar daar probleme is en ondersteuning gebied moet word. En daardie ondersteuning sal jy regdeur die stelsel kry – by die senior student wat jy as mentor kan kry (of jy nou in die koshuis of privaat bly); by die studente-assistente wat klasondersteuning in kleiner groepies aanbied; by die dosente wat klasgee en die dekane wat fakulteite lei; by ons Afdeling Studentesake, waar jy enige tyd kan gaan aanklop; en by ons talle administratiewe en steunafdelings. Dus, ondersteuning op verskeie vlakke.

So, jy sal nie net op jouself aangewese wees nie, maar – baie belangrik – uiteindelik is jy self verantwoordelik vir jou eie vordering. Dis hoe die lewe werk, en die universiteit sal hierin ook vir jou 'n goeie leerskool wees.

Ons bied elke jaar, voor klasse begin, 'n Verwelkomingsprogram vir eerstejaars om julle vertrouwd te maak met die kampus. Hierdie program, asook al die steundienste waarvan ek gepraat het, is daarop gemik om 'n meer inklusiewe universiteit te skep. Dit is belangrik vir ons, omdat ons 'n groter diversiteit studente lok – van alle bevolkingsgroepe, op alle lewensterreine, van regoor die land en die wêreld.

Ons veranderende aard as instelling word ook in onderrigtaal weerspieël. Stellenbosch was eens op 'n tyd 'n Afrikaanse universiteit. Dit is nie meer die geval nie. Ons is egter ook nie 'n Engelse universiteit nie. Stellenbosch is 'n wêreldklas, veeltalige Suid-Afrikaanse universiteit. Dit gee aan ons

afgestudeerdes 'n aansienlike mededingende voordeel in vandag se diverse en geïntegreerde samelewing.

'n Beleidsbesluit is geneem om Engels en Afrikaans op gelyke voet as onderrigtale by Stellenbosch te plaas. Ons is nou besig om hierdie beleid te implementeer. Baie van ons kursusse word reeds volledig óf in Engels óf in Afrikaans aangebied. Ander klasse is tweetalig, en ander bied 'n simultane tolkdien, soortgelyk aan die diens wat vanaand hier gebied word. En, soos die geval reeds vir jare is, is die meeste handboeke in Engels, en kan jy al jou take, toetse en eksamens in Engels skryf.

Dit beteken nie Afrikaans is nie vir ons belangrik nie – allermens! Ons vind innoverende maniere om te voorsien in die taalbehoefte van ons Engels- en Afrikaanssprekende studente. Ons volg hierdie benadering want ons weet taal is 'n instrument van bemagtiging. Ons doen moeite om almal welkom te laat voel.

Dames en here, u het moontlik berigte in die media gesien oor gesprekke op kampus oor die taalkwessie en transformasie. Ek wil u verseker dat dit in orde is. Hierdie Universiteit is nie 'n ivoortoring nie, en ons is ook nie 'n eiland nie. Ons is deel van 'n samelewing in oorgang, 'n samelewing wat transformasie ondergaan. Dit is reg so, dit is goed.

Ons verwelkom die oop gesprek op kampus, ons moedig kritiese gesprekke en dialoog aan. En ons is verbind tot **transformasie deur onderwys en navorsing**.

Ons het dit egter duidelik gemaak dat ons nie ontwrigting van akademiese of administratiewe aktiwiteite kan duld nie. En niemand het die reg om op die regte van ander inbreuk te maak nie. Ons bly dus verbind tot dialoog namate ons meer inklusief word, namate ons uitnemendheid bou en namate ons op die toekoms fokus.

Gepraat van die toekoms, ons is deurlopend vernuwend om aan die voorpunt van tegnologiese ontwikkelings te bly. 'n Revolusie is wêreldwyd aan die gang in die Inligtingsera van die 21ste eeu. Kennis vloei vinniger en met groter gemak as ooit tevore danksy die internet en mobiele tegnologie.

Die jongmense van vandag leer op ander maniere. Dit beteken ons moet anders onderrig. Stellenbosch is een van die beste internetgekoppelde universiteite in Suid-Afrika. Jy sal toegang tot rekenaars vir aanlyn navorsing in die biblioteek, in koshuise, in studiesentra en so meer hê. Ons het ook 'n kampuswye netwerk vir studente genaamd "Maties WiFi". Jy kan dus enige tyd jou eie mobiele toestelle gebruik.

Ons studente kry maklik toegang tot belangrike universiteitsdienste aanlyn op my.SUN, waar daar inligting is oor verblyf, die biblioteek, die eksamenrooster en jou akademiese vordering. Ons het ook 'n e-leerplatform genaamd SUNLearn. Dit is jou aanlyn-verbinding met al jou akademiese kursuswerk en dosente.

Dames en here, ek is baie opgewonde om hier te wees en julle vanaand hier te sien. Ek sal u beslis in 2016 aan die begin van die akademiese jaar hier wil verwelkom. Tot weersiens!